phatshoanehenney

Die SEB Antwoord

WAT IS SEB?

SEB staan vir Swart Ekonomiese Bemagtiging en verwys na die Suid-Afrikaanse regering inisiatief vir die bevordering van ekonomiese transformasie ten einde Swart persone in staat te stel om betekenisvol deel te neem aan die ekonomie.

Belangrik, Swart persone sluit in Swart, Indiër, Kleurling en Chinese persone wat burgers is van Suid-Afrika.

Daar bestaan 'n algemene misverstand dat SEB slegs Swart eienaarskap insluit en niks verder nie. Hierdie uitgangspunt is verkeerd aangesien die benadering van die regering een van "broad-based" is wat ten doel het nie net die aspekte van eienaarskap en bestuur nie, maar ook ander areas van transformasie en bemagting soos billike indiensneming; vaardigheidsontwikkeling; voorkeur aankope; ondernemingsontwikkeling; en sosio-ekonomiese ontwikkeling.

WAAR KOM SEB VANDAAN?

SEB het sy ontstaan te danke aan die Broad-Based Black Economic Empowerment Wet van 2003 ("SEB Wet"), welke SEB Wet vereis dat die regering SEB Kodes vir Goeie Praktyk uitvaardig wat sal reguleer hoe besighede kan voldoen aan SEB en hul voldoening kan bewys. Hierdie SEB Kodes uitgevaardig in Februarie 2007, volg 'n telkaart benadering tot die meet van 'n besigheid se SEB voldoening deur die besigheid te evalueer teenoor sewe SEB telkaart elemente.

In September 2008 word die SEB Kodes volledig van krag en vereis dat besighede aan die volledige SEB telkaart gemeet moet word en onafhanlike verifiëring van hul telkaart punte moet verkry as bewys van hul voldoening aan SEB. Dit impliseer dat 'n besigheid, ten einde erkenning te ontvang van sy voldoening aan SEB, 'n onafhanlike SEB Sertifikaat moet bekom vanaf 'n erkende SEB Verifiëringsagentskap.

Voldoening aan SEB gee jou besigheid 'n kompeterende voordeel en 'n realistiese voor-sprong bo jou kompetisie

Vir meer inligting of die reël van 'n kwotasie kontak asseblief ons SEB Ondersteuningsentrum by:

Tel: +27 860 111 161
Faks: +27 51 400 4161
E-pos: bee@phinc.co.za

www.phfirms.co.za

© 2008 Phatshoane Henney ing.

Hierdie brosjure is uitsluitlik bedoel vir bemarking doeleindes en word verskaf vir algemene inligting en stel geen opinie of ander professionele advies daar nie en ondersteun geen spesifieke siening of uitgangspunt nie. Die lees van hierdie brosjure stel geen ope aanbod van dienslewering daar nie en die verskaffer van SEB dienste deur enige groep konsultant bly in die uitsluitlike diskresie van die phatshoane henney groep en onderhewig aan terme en voorwaardes.

phatshoanehenney
SEB DIENSTE

WAT BETEKEN SEB VIR MY BESIGHEID?

SEB is n ekonomiese realiteit met die SEB Kodes wat van toepassing sal wees op alle Suid-Afrikaanse besighede, ongeag grootte, sektor of eienaarskap, vir ten minste die volgende 10 jaar. SEB word vinnig ook 'n vereiste vir die bedryf van besigheid deurdat besighede met 'n SEB Sertifikaat potensieël voorkeur kan verkry bo mededingers wat geen SEB Sertifikaat het nie.

Elke besigheid wat onderneem om te voldoen aan SEB bevorder ook SEB deur te vereis dat sy verskaffers ook deel neem en aan SEB voldoen, en daardeur 'n waterval effek skep waardeur besighede verplig word om te transformeer deur hul kliënte of die risiko loop dat hul kliënte se besigheid mag verloor.

Die verkryging van 'n SEB Sertifikaat is ook vinnig besig om 'n vereiste te word in meeste sektore vir besighede om 'n lisensie, konsessie, permit, toestemming of ander regulatoriese goedkeuring te verkry of hernu. As jy nie 'n SEB Sertifikaat het nie, ongeag die telling wat jy sou verwerf het, kan jy moontlik nie in staat wees om enige van hierdie items te verkry of hernu nie.

Besighede wat van die regering en ander publieke entiteite afhanklik is vir werk sal toenemende druk ervaar om hul SEB status te verifieër deur die verkryging van 'n SEB Sertifikaat. Die aanpassing van publieke sektor tender prosedures is onderweg en sal in die nabye toekoms in lyn gebring word met die SEB Kodes en vereis dat 'n SEB Sertifikaat bekom moet word vanaf tenderaars en sodoende verseker dat die regering slegs handel met verskaffers wat voldoen aan SEB vereistes.

WAT BETEKEN DIT OM AAN SEB VEREISTES TE VOLDOEN?

SEB voldoening is 'n wye konsep wat aandui dat 'n besigheid die proses onderneem het om 'n SEB telkaart te bekom en 'n punt van meer as 30 uit 100 verwerf het op die SEB telkaart.

Die SEB Kodes koppel ook vlakke van SEB voldoening aan die punte wat verwerf word onder die telkaart, met 'n hoër vlak van SEB erkenning wat verkry word vir hoër punte verwerf, en omgekeerd.

Belangrik, hoe hoër die SEB vlak van 'n besigheid hoe hoër die SEB erkenningsvlak van daardie besigheid vir ander entiteite wat met die besigheid handel dryf.

Die verskaffing van 'n SEB Sertifikaat aan jou kliënte en verskaffers dien ook as bewys van SEB ondersteuning deur jou besigheid.

Tog is voldoening aan SEB meer as net die 'regte ding om te doen' en kan dit jou besigheid ook werklike voordeel teenoor kompetisie verskaf in 'n omgewing waar die besit van 'n SEB Sertifikaat al hoe meer 'n realiteit word vir verskaffers.

SEB ERKENNINGSVLAK

SEB Vlak	Kwalifikasie	SEB Erkenningsvlak
Vlak Een	≥ 100	135%
Vlak Twee	≥ 85 < 100	125%
Vlak Drie	≥ 75< 85	110%
Vlak Vier	≥ 65 < 75	100%
Vlak Vyf	≥ 55 < 65	80%
Vlak Ses	≥ 45< 55	60%
Vlak Sewe	≥ 40 < 45	50%
Vlak Agt	≥ 30 < 40	10%
Nie-Voldoening	< 30	0%

As maatskappy A dienste aankoop ter waarde van R100 van maatskappy B, 'n vlak 5 SEB besigheid, dan sal maatskappy A slegs R80 SEB spandering kan eis in verband met sy aankope vanaf maatskappy B. Maar, as maatskappy B 'n vlak 3 SEB besigheid is, sal maatskappy A in staat wees om R110 SEB spandering te eis in verband met sy aankope vanaf maatskappy B as gevolg van die hoër SEB erkenningsvlak, wat maatskappy A dan in staat stel om self ook 'n hoër SEB status te verwerf onder sy telkaart vir voorkeur aankope.

Hoe hoër die SEB vlak van 'n besigheid hoe hoër die SEB erkenningsvlak van daardie besigheid vir ander entiteite wat met die besigheid handel dryf



HOE BEREKEN EK MY SEB TELLING?

Die berekening van jou besigheid se SEB telling word bepaal deur die grootte van jou besigheid. Die SEB Kodes onderskei tussen drie groottes met verskillende vereistes vir die verwerwing van 'n SEB status vir elk van die kategorieë.

VRYGESTELDE MIKRO ONDERNEMINGS
Die eerste kategorie is Vrygestelde Mikro Ondernemings (Exempted Micro Enterprises of EME). Hierdie is entiteite met n jaarlikse omset van minder as R5 miljoen. Hierdie entiteite hoef nie gemeet te word onder 'n SEB telkaart nie en word outomaties gesien as SEB Vlak 4 besighede. Die verwerwing van 'n SEB Sertifikaat vir 'n EME is dus 'n redelik eenvoudige proses. EME entiteite mag egter kies om wel onder 'n SEB telkaart evalueer te word indien die entiteit van mening is dat 'n hoër SEB vlak verwerf kan word deur sodanige evaluering.

KWALIFISERENDE KLEIN ONDERNEMING
Die tweede kategorie is Kwalifiserende Klein Onderneming (Qualifying Small Enterprises of QSE). Hierdie is entiteite met 'n jaarlikse omset bo R5 miljoen maar minder as R35 miljoen. Hierdie entiteite word gemeet volgens die QSE SEB telkaart wat die entiteit toelaat om gemeet te word aan die beste 4 van sy 7 telkaart elemente, en 'n QSE dus toelaat om nie gemeet te word aan 3 van die elemente soos byvoorbeeld, eienaarskap, bestuur en billike indiensneming nie.

GENERIESE ENTITEITE
Die derde kategorie is Generiese Entiteite. Hierdie is enteite met 'n jaarlikse omset bo R35 miljoen en word gemeet onder die Generiese SEB telkaart wat vereis dat sodanige entiteite gemeet word aan al 7 van die telkaart elemente.

HOE KRY EK 'N SEB SERTIFIKAAT?

Om 'n SEB sertifikaat te bekom vereis dat die besigheid formeel verifieër moet word deur n akkrediteerde SEB Verifiëringsagentskap. Hierdie agentskappe is gereguleerd en moet deel vorm van die Assosiasie vir SEB Verifiëringsagentskappe (ABVA). Dit is dus belangrik dat jou besigheid nie sommer enige agentskap gebruik nie aangesien die geldigheid van u SEB Serfikaat beïnvloed kan word.

'n SEB Verifiëringsagentskap sal teen n fooi 'n verifiëringsoudit van u besigheid onderneem, u SEB telkaart bereken en 'n SEB Sertifikaat toeken wat geldig sal wees vir 1 jaar as bewys van u SEB vlak.

Ten einde die verifiëring te onderneem sal die agentskap 'n omvattende reeks dokumentasie en inligting aanvra ter ondersteuning van u telkaart en die evaluering en bepaling van u finale telling.

Sonder die korrekte dokumentasie sal n besigheid n lae punt op die telkaart behaal. Waar 'n besigheid egter die korrekte dokumentasie en inligting saamstel en indien, staan die besigheid n veel groter kans om n beter telling te verwerf en dui dit op die belangrikheid vir elke besigheid om te verstaan wat vereis word en die inligting reg saam te stel. Dikwels voldoen 'n besigheid meer aan SEB as wat hy besef!

Ten einde 'n firma se SEB status te bewys, word vereis dat 'n firma formeel geverifieër word deur 'n geakkrediteerde verifieërings-agentskap

'n Finale 'kategorie' wat genoem kan word is die van Nuwe Entiteite. Hierdie kategorie maak voorsiening vir die evaluering van nuwe besighede as 'n EME vir die eerste jaar na sy oprigting, tensy die entiteit tender vir werk met n waarde van meer as R5 miljoen, in welke geval die entiteit verifieër sal word onder of die QSE of Generiese SEB telkaart (volgens die waarde van die tender).

Drie kategorieë van entiteite:

1. EME: Entiteite met 'n jaarlikse omset van minder as R 5 miljoen
2. QSE: Entiteite met 'n jaarlikse omset van bo R 5 miljoen en minder as R 35 miljoen
3. Generies: Entiteite met 'n jaarlikse omset van meer as R 35 miljoen



HOE VERKRY EK SEB ONDERSTEUNING?

Vir baie besighede blyk die verkryging van 'n SEB Sertifikaat na 'n komplekse, uitdagende en onduidelike proses. Toegegooi met inligting en gekonfronteer met baie wanpersepsies rondom SEB, verval 'n besigheid maklik in 'n staat van onbelangstellendheid waar dit makliker lyk om niks te doen totdat die probleem nie langer vermy kan word nie. Die gevolg van hierdie benadering is egter dat wanneer die druk om 'n SEB Sertifikaat te verkry onstaan, daar geen vinnige oplossing is om 'n goeie SEB telling te verkry nie tensy jou besigheid alreeds voorbereid is en die regte strategieë in plek het. Die gevolg is dat baie besighede 'n swakker SEB telling kry as wat hulle kon verkry met beter en tydige voorbereiding, beplanning en ondersteuning.

Die phatshoane henney groep van regsfirmas het kantore regoor Suid-Afrika met SEB konsultante wat beskikbaar is om besighede by te staan met advies rondom SEB en ondersteuning deur die proses van identifisering van 'n SEB Verifiëringsagentskap en die voorbereiding vir en aflê van fomele SEB verifikasie.

Ons doel is om die moeilike proses van BEE verifikasie so maklik en verstaanbaar as moontlik te maak en die nodig ondersteuning en advies deurgaans te bied.

WAAR BEGIN EK?

Om te begin is maklik. Kontak ons SEB Ondersteuningsentrum by die kontaknommers hieronder en vind uit oor SEB ondersteuning vir u besigheid. Ons operateurs sal u besonderhede neem en onmiddellik reëlings tref vir n SEB konsultant in u streek om u te kontak en 'n volledige kwotasie te verskaf wat u besigheid se behoeftes en grootte in ag neem en ook die proses verder verduidelik.

Na aanvaarding van die kwotasie sal die SEB konsultant u verduidelik wat die inligtingsvereistes vir die eerste konsultasie is en 'n reëling tref vir die eerste konsultasie om u besigheid se SEB profiel te bespreek en die pad vir die verkrying van 'n SEB sertifikaat duidelik uit te stip.

ONS ONDERSTEUNINGS-DIENSTE

SEB Advies:

Ons ondersteun u met die verstaan van SEB en die implikasies daarvan vir u besigheid en verskaf professionele advies ten opsige van die relevante SEB telkaart van toepassing op u besigheid, enige SEB sektorale handves implikasies vir u besigheid, die identifisering van u beste telkaart elemente, advies rondom die nodige inligting en dokumentasie vereistes vir verifiëring, bystand met die identifisering en onderneming van die proses van verifiëring met 'n SEB Verifiëringsagentskap, en ondersteuning en advies met die implementering van volhoubare SEB strategieë vir u besigheid.

Verifiëringsvoorbereiding:

Ons staan u by met die voorbereiding van 'n volledige verifiëringsleêr wat ingedien word by die SEB Verifiëringsagentskap ten tye van u verifiëringsoudit. Ons verskaf advies ten opsigte van die vereiste dokumentasie, staan by met die verkryging van noodsaaklike derde party inligting, verskaf voorbeeld en konsep dokumentasie, help met die voltooing van verpligte dokumentasie, en ondersteun u met die saamstel van 'n netjiese en volledige verifiëringsleêr wat aan die SEB Verifiëringsagentskap verskaf kan word vir formele verifikasie.

Verskaffer Verifiëring:

Waar benodig word, staan ons u besigheid by met die verifiëring van die SEB status van u verskaffers deur gebruik te maak van die operateurs by ons Groep SEB Ondersteuningsentrum om die tydsame proses van verskaffer verifiëring uit u hande te neem.

Regsdienste:

Waar benodig word, staan ons konsultante (almal regslui), u by in die voorbereiding van regsdokumente en ooreenkomste soos benodig mag word vir doeleindes van u SEB verifiëring.

Daar is geen vinnige oplossing om 'n goeie SEB telling te verkry nie tensy jou besigheid alreeds voorbereid is en die regte strategieë in plek het

Vir meer inligting of die reël van 'n kwotasie kontak asseblief ons SEB Ondersteuningsentrum by:

Tel: +27 860 111 161
Faks: +27 51 400 4161
E-pos: bee@phinc.co.za

www.phfirms.co.za